SPANNINGS VELD VAN TEENOOR GESTELDES

Gespreksdokment vir lidmate oor selfdegeslagverhoudings

SPANNINGSVELD VAN TEENOORGESTELDES
Gespreksdokument vir lidmate oor selfdegeslagverhoudings

1. Inleiding

Die besluit van die jongste Algemene Sinode van die NG Kerk oor selfdegeslagverhoudings roep almal op om 'n weldeurdagte en verantwoordelike standpunt oor hierdie belangrik saak in te neem.

Ek vertrou dat u in staat sal wees om 'n gebalanseerde standpunt hieroor te verwoord nadat u hierdie stuk gelees het.

Christo de Klerk



2. Die besluit

Die Algemene Sinode het op Vrydag 9 Oktober 2015 soos volg besluit:

1. Die Algemene Sinode herbevestig ***die gelykwaardigheid*** van alle mense ongeag hulle seksuele oriëntasie en verbind haar tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.
2. Die Algemene Sinode verklaar dat heteroseksuele en homoseksuele mense wat in 'n verhouding ***van persoonlike geloofsgehoorsaamheid*** aan die Here leef ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.
3. Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.
4. Die Algemene Sinode besluit om in die lig van punt 1 hierbo erkenning te gee aan die status van ***burgerlike verbintenisse*** van mense van dieselfde geslag wat deur liefde en trou gekenmerk word, en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse bevestig kan word deur predikante wat hulle weg daartoe oopsien.
5. Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie van die ordening van alle mense. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.
6. Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouings oor selfdegeslagverhoudings binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.
7. Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gesindheid van Christelike liefde te doen.
8. Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings met nederigheid aan ná 'n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op 'n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In hierdie soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 2 behoort die spesifieke en algemene openbaring gebruik te word, dit wil sê, die beste huidige menswetenskaplike bevindings.

3. Die tekste

Hier is die algemene tekste wat ter sprake is:

- **Genesis 19:4-8** Voor hulle die aand gaan slaap het, het die mans oral uit die stad uit, die mans van Sodom, oud en jonk, die hele klomp, die huis van Lot omsingel. 5Hulle het vir Lot geroep en vir hom gevra: ***"Waar is die mans wat vanaand na jou toe gekom het? Bring hulle uit na ons toe. Ons wil geslagsgemeenskap met hulle hê."*** 6Toe het Lot na die mans van Sodom toe uitgegaan. Nadat hy die deur agter hom gesluit het, 7het hy gesê: "Nee, vriende! Moenie so 'n verkeerde ding doen nie. 8Ek het twee dogters. Hulle het nog nie gemeenskap met 'n man gehad nie. Ek sal hulle vir julle laat uitkom, doen julle dan met hulle wat julle wil. Moet net nie iets doen aan hierdie mans nie, want hulle het onder die beskerming van my dak ingekom."
- **Levitikus 18:22** Jy mag nie ***'n homoseksuele verhouding*** hê nie. Dit is 'n afstootlike sonde.
- **Levitikus 20:13** Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen ***'n afskuwelike sonde***. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood.
- **1 Korintiërs 6:9-10** Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of ***mense wat homoseksualiteit*** beoefen 10of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.
- **1 Timoteus 1:9-10** 'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, 10***ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen***, ontvoerders, leuenaars, dié wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is.
- **Romeine 1:24-28** Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen. Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. ***Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang. Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit.*** En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is.

4. Die vraag

Indien die Bybel sulke sterk uitsprake teen homoseksualiteit maak, hoe kan die Algemene Sinode die teendeel besluit? Op die oog af druis dit lynreg teen die Bybel in. Daar word nie erns met die Bybel gemaak nie. So sê die teenstanders.

Die teendeel is waar, sê die voorstanders. Juis omdat ons groot erns met die Bybel maak, het ons tot hierdie besluit gekom.

Hoe kan ons sin maak uit hierdie twee uiteenlopende menings?

5. Die kulturele kleed van die Bybel

Die Bybel kom in 'n kulturele kleed na ons toe. In die Bybel is daar (vir die doeleindes van hierdie gesprek) twee soorte uitsprake:

- **altyd geldende waarhede**
- **kultuurgebonde uitsprake.**

Christene het 'n aanvoeling wanneer altyd geldende uitsprake ter sprake is en wanneer kultuurgebonde uitsprake ter sprake is. Byvoorbeeld:

Levitikus 19:12-14 Julle mag nie 'n vals eed aflê in my Naam en so die Naam van julle God ontheilig nie. Ek is die Here. Jy mag nie jou naaste uitbuit of hom beroof nie. Jy mag nie 'n dagloner se loon terughou tot die volgende dag nie. Uit eerbied vir jou God mag jy nie 'n dowe vloek of 'n hindernis in die pad van 'n blinde lê nie. Ek is die Here.

Die "aanvoeling" hier is dat ons met 'n altyd geldende uitspraak te doen het.

Maar:

Levitikus 19:19 Julle moet my voorskrifte gehoorsaam. Moenie verskillende soorte diere kruis of verskillende soorte saad in een land saai of 'n kledingstuk van verskillende soorte materiaal dra nie.

Die "aanvoeling" hier is dat ons met 'n kultuurgebonde uitspraak te doen het wat nie meer vandag geldig is nie. Twee uiteenlopende uitsprake in een hoofstuk in die Ou Testament. Die een word gerespekteer; die ander word geïgnoreer.

Hierdie onderskeid is nie vreemd nie. Almal maak hierdie onderskeid. Niemand "gehoorsaam" die Bybel vandag in alle opsigte nie. Almal interpreteer die Bybel. Almal is selektief wanneer dit kom by die toepassing van die Bybel in hulle lewe. Hieroor moet ons eerlik wees. Die enigste vraag is: Watter norme bepaal my selektiwiteit? Hieroor moet die gesprek gaan.

Baie hoofstroomkerke het byvoorbeeld direk teen Bybelse teksverse in besluit om vroue toe te laat om te preek, al sê Paulus in 1 Korintiërs 14:33-34:

33Soos in al die Christelike gemeentes 34moet die vrouens ook ***in julle byeenkomste stilbly***, want hulle word nie toegelaat om te praat nie. Hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê.

En in 1 Timoteus 2:11-13 lees ons:

11'n Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer. 12***Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee*** of oor die man gesag uit te oefen nie; sy moet stil wees. 13Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna.

Ná al die eeue waarin hierdie teksverse gebruik is om vroue uit die amp van predikant te hou, het baie kerke onder die indruk gekom dat hierdie tekste nie altyd geldende waarhede bevat nie, maar kultuurgebonde voorskrifte is wat nie meer vandag geld nie.

Dit geld ook vir 1 Korintiërs 11:6:

As ŉ vrou nie iets op haar kop wil sit nie, kan sy ewe goed haar hare laat afsny. Maar aangesien dit ŉ skande is vir ŉ vrou om haar hare te laat afsny of afskeer, moet sy iets op haar kop sit.

Bitter min kerke beskou vandag nog hierdie teks as ŉ altyd geldende voorskrif.

Dieselfde geld vir slawerny. Slawerny is 1 850 jaar lank Bybels geregverdig op grond van Efesiërs 6:5:

Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met ŉ opregte hart, asof dit vir Christus is.

Slawerny is beskou as God se wil vir ekonomiese stelsels (en die mens). Geweldige leed en vernedering, pyn en ontwrigting het hieruit voortgevloei. Bitter min Christene sal vandag slawerny regverdig, of trots wees op hoe die Bybel destyds misbruik is.

Hierdie voorbeelde kan uitgebrei word na apartheid, vrouens wat aan hulle mans onderdagnig moet wees, die aarde wat op pilare staan (Psalm 75:3: Al wankel die aarde en al sy bewoners – Ék het sy pilare vasgestel.), en standpunte en praktyke oor egskeiding en hertrou.

Die vraag is dus: Watter "soort" uitsprake is die tekste oor homoseksualiteit?

- **Is dit altyd geldende uitsprake?**

Of:

- **Is dit kultuurgebonde uitsprake?**

Dit is duidelik dat standpunte hieroor wyd uiteenlopend is. Hieronder gespreek ons dan elke standpunt kortliks.

6. Die "altyd geldende"-standpunt

Diegene wat hierdie standpunt inneem, wys onder meer op die volgende:

- *Die tekste soos hierbo genoem word.*
- *Die wese van die huwelik wat op Genesis 1 gegrond word: een man en een vrou. Oral waar daar in die Bybel van die huwelik sprake is, word man en vrou (of vrouens) genoem.*
- *Die huwelik is bedoel om kinders voort te bring en dit is onmoontlik in selfgeslagverhoudings.*
- *God skep nie mense met homoseksuele begeertes nie; dit word "aangeleer" deur sosialisering. Hulle beroep hulle op baie navorsing om dit te "bewys". As dit aangeleerde gedrag is, kan dit ook afgeleer word.*
- *Homoseksuele seks is onnatuurlik.*
- *Sterk onderskeid word dikwels gemaak teenoor ŉ gay oriëntering (die begeerte) en die uitleef daarvan (die sonde). Die ideaal word dan gestel dat die "begeerte" tot bekering moet kom – soos ander sondige begeertes om te steel of kwaad te word.*

7. Die "kultuurgebonde"-standpunt

Voorstanders van hierdie standpunt het die volgende menings:

- *Wanneer die Bybel homoseksuele verhoudings veroordeel, hou dit glad nie rekening met wat vandag as selfdegeslagverhoudings bekendstaan nie.*
- *Selfdegeslagverhoudings vandag kan aan al die kenmerke voldoen waaraan 'n huwelik voldoen: lewenslange getrouheid, eksklusiwiteit, respek, liefde, wedersydse instemming. In huwelike gaan dit oor baie meer as voortplanting. Ondersteuning, kameraadskap, liefdevolle samesyn, wedersydse aanvulling, om mekaar te geniet en vertroue kom ook ter sprake. Al hierdie eienskappe kan in selfdegeslagverhoudings realiseer – selfs om kinders vir die koninkryk van God groot te maak, indien kinders grootmaak nie as 'n primêr biologiese funksie beskou word nie.*

Dink hier ook aan aanneemouers.

- *In Levitikus is daar sprake van growwe seksuele wanpraktyke wat in die buurvolke se tempels onderhou is. Dit word in Levitikus verbied.*
- *In Genesis 19 gaan dit oor die gebruik van oorwinnaars om hulle krysgevangenes te verkrag, oor geweld en oor 'n gebrek aan gasvryheid – nie oor selfdegeslagverhoudings soos ons dit ken nie.*
- *In die tekste in Romeine, 1 Korintiërs en Timoteus word homoseksuele seks in dieselfde asem genoem met ander sondes wat glad nie van toepassing is op selfdegeslagverhoudings nie. Daar is selfs twyfel of die woord "homoseksueel" reg vertaal is. Volgens baie Nuwe-Testamentiese kundiges is dit 'n ongelukkige vertaling en dui die oorspronklike woord eerder op die destydse gebruik om slawe se seuns seksueel te molesteer.*
- *Kyk ook na die konteks van die uitsprake.*

- **Timoteus:**

9… hulle nie aan ***wet en orde steur*** nie, goddeloses en sondaars, ***mense sonder eerbied*** vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, 10ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars, dié wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is.

- **Romeine**

Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper,

- **1 Korintiërs** – min mense wat gay Christene ken, sal hierdie teks op hulle van toepassing maak:

Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.

- Hierdie uitsprake in 1 Korintiërs, Romeine en Timoteus kan mos nie van toepassing gemaak word op Christene wat in ŉ gay verhouding is nie? Hulle verhouding word gekenmerk word deur liefde vir God en vir mekaar, respek en eerbied.

- Ook oor die huwelik voel hierdie groep anders. Hulle wys daarop dat daar in die Bybel van talle soorte huwelike sprake is, en nie net van een-man-een-vrou-huwelike nie. In die Bybel word die vrou as die man se besitting beskou (Eks 20); vroue het selde ŉ keuse gehad met wie hulle trou; huwelike met meer as een vrou was algemeen; om kinders by slavinne te verwek was aanvaarbaar. Om dus van "ŉ Bybelse" huwelik te praat asof daar net een soort Bybelse huwelik is, is ŉ oorvereenvoudiging. Om die een-man-een-vrou-huwelik te verabsoluteer is ook reeds ŉ interpretasie van die Bybel.

- Hulle beroep hulle sterk op navorsing wat daarop dui dat homoseksualiteit aangebore is, en nie aangeleer nie. Volgens sommige "bewys" dit dat mense wat homoseksueel gebore is, nie kan nie en nie hoef te verander nie.

- Hierdie groep beskou seks en seksualiteit baie breër as net ter wille van voortplanting. Hulle beskou seksuele intimiteit in enige eksklusiewe volwasse verhouding, gekenmerk deur wedersydse instemming en respek, ook as ŉ "brug" wat ŉ gawe van God is, waardeur mense van isolasie, vervreemding en eensaamheid ontsnap en hulle volle menswees verwerklik. Om hierdie gawe vir heteroseksuele mense te reserveer getuig van ŉ beperkte beskouing oor seksualiteit.

8. Wie is God?

Die gesprek oor die sogenaamde "gay-vraagstuk" maak wye draaie. Sake soos die huwelik, seks en seksualiteit, die gesag van die Bybel, en wat sonde is, kom ter sprake.

Ongelukkig kom die vraag wie God is en hoe die hart van God lyk selde ter sprake. Dalk is dit die belangrikste saak wat ter sprake moet kom?

God is liefde. Liefde is die wese van God. Alle pogings om die onvoorwaardelike en rojale liefde, genade en barmhartigheid van God af te water of te "balanseer" met toorn, geregtigheid, "natuurlike beginsels" of eise wat Hy stel (waaraan niemand in elk geval kan voldoen nie), kan nie standhou nie.

Net so kan Christene se roeping om onvoorwaardelik lief te hê, soos die God wat hulle aanbid, ook nie verwater word nie.

Hoe presies hierdie vertrekpunt oor die wese van God in die gesprek oor gay-wees verreken word, is ŉ ope vraag. Dat die gesprek soms versuur word deur liefdeloosheid, onverdraagsaamheid, veroordeling en verdagmakery is ŉ feit. Dit is jammer. Dit spreek nie van mense wat ŉ blik op God se hart gehad het nie. In alle standpunte wat ons inneem en in die manier hoe ons gesprek voer, behoort "God is liefde" die toon en aard van die gesprek en standpunte te bepaal.

9. Sonde

Om baie redes het die kerk sterk begin fokus op wat Richard Rohr "bekkensondes" noem. Oor dinge waaroor Jesus net mooi niks gesê het nie, word ŉ groot ophef gemaak. Terwyl dinge waaroor Hy baie gesê het gerieflikheidshalwe geïgnoreer word.

Die kerk se standpunt oor sonde sal baie meer geloofwaardig wees indien materialisme, rassisme, die vernieling van die skepping, gierigheid, die gebrek aan eenheid in die kerk en onreg in sy baie vorme ook onder die vergrootglas kom.

10. Etiese implikasies

Alle vertolkings van die Bybel het etiese implikasies. Ook die vertolking van die sogenaamde "gay"-tekste.

- *Die gevolge van die "altyd geldende"-standpunt is dikwels (doelbewus of by implikasie) dat mense met 'n selfdegeslagoriëntasie uitgesluit voel, veroordeel word, nie tuis voel nie, met skuldgevoelens rondloop en verneder word. Dié gevolge word meermale ontken deur die voorstanders van hierdie standpunt. Hulle sê hulle "het die sondaar lief, maar haat die sonde".*
- *Die wins van die standpunt is dat sonde in 'n baie ernstige lig gesien word en gewaarsku word teen gevaar dat die tydsgees die oorheersende invloed word wanneer etiese sake ter sprake is. Hierdie winspunte moet geëer word.*
- *Die "kultuurgebonde"-standpunt lei tot insluiting, respek, omgee en deernis.*
- *Wat hier belangrik is, is dat ons moet gesels met mense wat aan die "ontvangkant" van hierdie standpunte staan. Hulle ervarings van dié standpunte is baie belangrik, ongeag die opregte bedoelings van die mense wat die standpunte inneem.*
- *Die gevaar van die standpunt is dat die waters van totale relativisme betree kan word, dat te akkomoderend geraak word om mense ter wille te wees. Die gevaar moet in ernstige lig gesien word.*
- *Jesus se etiek behoort ook deeglik in ag geneem te word wanneer die etiese implikasies van ons standpunt verreken word. Jesus het grense oorgesteek, nooit mense uitgesluit nie, altyd mense ingesluit (behalwe die godsdienstige elite, die Fariseërs en skrifgeleerdes), Hom altyd by die randfigure geskaar: die vissers, die melaatses, die tollenaars.*

11. "Teksvers"-teologie

"Teksvers"-teologie word bedryf wanneer twee groepe hulle in loopgrawe ingrawe en mekaar met tekste bombardeer. Die een met die meeste tekste wen die argument. "Teksvers"-teologie is selde goeie teologie. Daar is nie tekste om die Drie-eenheid, die verbondsdoop of die eerste dag van die week as rusdag mee te regverdig of te "bewys" nie.

Goeie teologie kyk na die breë lyne in die Bybel, die geheelboodskap van die Bybel. Dit verreken die historiese en kulturele agtergrond waarin die teks tot stand gekom het. Eers wanneer alles verreken is, word 'n standpunt geformuleer. Dit is wat dit beteken om erns met die Bybel te maak, om die "gesag" van die Bybel te erken.

12. Liefde (en genade) wen altyd

"Life is a series of pulls back and forth … A tension of opposites, like a pull on a rubber band. Most of us live somewhere in the middle. A wrestling match … Which side wins? Love wins. Love always wins." **Mitch Albom, Tuesdays with Morrie**

Vir baie mense kan die spanning wat die besluit oor selfdegeslagverhoudings meebring goed pas in wat Albom die "tension of opposites" noem.

Vir die Bybel is dié spanningsveld nie vreemd nie. Dit word byvoorbeeld duidelik uit die volk van God se verhouding met die Moabiete. Deuteronomium 23:3-4 gee struktuur aan die verhouding

op grond van ou vetes – geen Moabiet mag lid van die volk van God word nie.

3Geen Ammoniet of Moabiet mag lid van die gemeente word nie. Niemand uit hulle nageslag mag ooit lid van die gemeente word nie, selfs nie eers een van die tiende geslag nie. 4Dit is omdat hulle jou nie van kos en water voorsien het toe julle uit Egipte getrek het nie en hulle vir Bileam seun van Beor uit Petor in Mesopotamië gehuur het om jou te vervloek.

Dan … is daar Rut. Sewe keer word sy "die Moabitiese vrou" genoem, en ses keer staan daar dat sy uit Moab afkomstig was. Die boek Rut draai geen doekies om oor Rut se vreemde en ongewenste afkoms nie. Die uitkoms van die verhaal is baie goed bekend. Boas en Rut raak verlief. Rut word deel van die volk van God. Sy is Dawid se oumagrootjie en Jesus se voormoeder wat in sy geslagsregister genoem word. Voor Boas en Rut se liefde kan Deuteronomium se teks nie standhou nie. Liefde het gewen – nie 'n teksvers nie, nie die wet nie, nie ou vetes nie, nie vooroordele nie.

Die besluit van die Algemene Sinode, en ander besluite wat dit vooraf gegaan het, veroorsaak onsekerheid. So word gesê. Ten spyte van tekste en verdoemende sinodale besluite wat vandag nog geld, het teksverse oor egskeiding en hertrou voor die liefde geswig. Toe teksverse oor vroue in die amp. Daarna die ommekeer oor apartheid. Nou selfdegeslagverhoudings. Wat volgende? Is alles dan relatief? Word hier nie net na die samelewing se pype gedans nie?

Dalk moet dit duideliker gesê word: Indien Christene hulle "sekerheid" en identiteit in standpunte oor etiese sake vind, is ons 'n bejammerenswaardige klomp mense. Ons aanbid die God wat ons juis uit die slawerny van sekerheid na die vryheid van onsekerheid lei. Uit Egipte … die woestyn in. Uit Jerusalem … die ballingskap in. Om juis sy liefde in die woestyn en in die ballingskap beter aan ons te openbaar sodat ons die omvang van sy liefde en genade al hoe beter en al hoe dieper ervaar. Hiervan kan ons seker wees.

Wat volgende? Ek weet nie. Maar ek kan nie wag nie. Ek is opgewonde … want Liefde het die laaste woord. Liefde wen altyd …